# Hoofstuk van die dag: Ester 4

> *Wie weet, miskien is dit juis met die oog op ’n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het! (vers 14)*

Mordegai se vraag aan Ester is een wat ons vir onsself ook van tyd tot tyd moet vra: Hoekom is ek juis op hierdie tydstip in hierdie posisie? Want, hoewel Mordegai dit nie in soveel woorde gesê het nie, is die implikasie van sy vraag duidelik:

Jy is nie maar toevallig in die paleis nie. Gód het jou daar geplaas met 'n doel.
Dis die maklikste om jou skouers gelate op te trek en te sê dinge sal gebeur soos dit sal, daar is seker maar 'n doel agter alles. Dis egter nie 'n gelowige se ingesteldheid nie. Ons weet mos niks gebeur toevallig nie. God is met ons op pad, en Hy het 'n doel met ons lewe, net soos Hy 'n doel met Ester gehad het. Sy was koningin omdat sy mooi en lieftallig was, maar agter haar opgang het God gestaan, besig om die dinge haarfyn te beplan.
Dis eers wanneer ons só oor ons eie situasie en plek begin nadink, dat ons ons roeping in God se Koninkryk ontdek, en die lewe begin sin maak.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026